*Sondag* **18 Mei**

**Skrifgedeelte: Esegiël 37:1-14**
**Fokusgedeelte: Esegiël 37:4, 7, 10**
**Deur sy Woord herskep God nuwe lewe – selfs in doodsbeendere!**

Esegiël, ’n priesterseun, word saam met die stam van Juda weggevoer na Babel. In die elfde jaar sien Esegiël deur die Gees van die HERE ’n eienaardige visioen. Dit was in ’n tyd wat die ballinge net die “duistenis, woes en leeg” raakgesien het. *“Kyk, hulle sê: Ons bene is verdor, en ons verwagting is verlore; dit is klaar met ons!”* (vs 11b). Hulle wanhoop!

Het jy of jou geliefdes ook al by so ’n doodloopstraat aangekom waar daar net tot die besef gekom word dat daar geen pad meer vorentoe is nie?

Die profeet sien geweldig baie doodsbeendere in die laagte lê – heeltemaal verdor! Volgens vers 11a simboliseer die doodsbeendere die hele huis van Israel (die kerk).

Die HERE vra: “Kan hierdie bene lewendig word?” Esegiël antwoord: “Here HERE, U weet dit.” Twee keer moes Esegiël profeteer: “Hoor die woord van die HERE, droë bene! Kyk, Ek bring gees in julle in … ook senings en vel, sodat julle lewendig kan word.” Toe Esegiël profeteer, hoor hy ’n geratel, soos wat die dor bene roer om bymekaar te kom – elke been na sy been toe. Klik, klak, klok …!

Vir die lewensgees moes Esegiël ’n derde keer profeteer: “Kom aan uit die vier windstreke … en blaas … sodat hulle lewendig word”! En kyk, die dooie, dor bene word lewendig! Die HERE bring ’n wonderwerk voort!

Dink jý dat die kerk vandag ook verdor is soos die doodsbeendere? Hoor jy ook soms die negatiewe beoordeling van die kerk van Christus? Is daar by jóú ook soms wanhoop omdat jou gemeentelede deur die wêreld se slegte invloede meegesleur word?

Hierdie visioen laat ons egter met nuwe hoop na Christus se kerk kyk. Elkeen van ons moet soos Esegiël profeteer: “En Ek sal my Gees in julle gee, dat julle lewendig kan word; en Ek sal julle vestig in julle land; en julle sal weet dat Ek, die HERE, dit gespreek en gedoen het”! Wees dan elkeen ’n getroue getuie van God se liefde in Christus by jou huis, jou werk, jou gemeente. Getuig vertrouend: Daar waar die Woord gebring word, daar werk Gods Gees!

*Sing: Skriberyming10:1-6 (5-4)*

*Ds. AH (Arie) Stavast (Emeritus Pretoria/Kroonstad)*